



Nelson Mandela
Metropolitan
University

for tomorrow

Port Elizabeth & George

BCCMTOWN.CO.ZA 0000



Ons wag vir jou!

Kontak ons vandag nog indien jy meer inligting wil bekom oor ons studieprogramme en die verwante beroepsvelde. Onthou, 'n ingeligte keuse is 'n goeie keuse!

Navrae:

- Port Elizabethkampusse – Tel: 041 504 9923
- Georgekampus – Tel: 044 801 5111

- Bemaking en Korporatiewe Betrekkinge • Posbus 77000
- Nelson Mandela Metropolitaanse Universiteit
- Port Elizabeth 6031

- Webtuiste: www.nmmu.ac.za
- Epos: info@nmmu.ac.za

Inligting vir
Graad 9's

Julie 2010

Welkom in ons wêreld

Jy het drome. Jy het potensiaal. Hoe kan jy verseker dat jy jou ideale bereik?
'n Universiteitskwalifikasie bied jou geleentheid om jou talente ten volle te benut om 'n blink toekoms in die beroepswêreld te verseker. Ons wil jou graag help om 'n naskoolse studierigting en loopbaan te kies om jou drome waarheid te maak.

Werd om uit te vind

- ▶ Ken jouself, jou vaardighede en talente.
 - ▶ Vind meer uit oor studierigtings en toelatingsvereistes.
 - ▶ Vind meer uit oor die beroepswêreld en die vereistes van spesifieke beroepe.
- Kennis van hierdie drie areas sal jou in staat stel om die regte skoolvakke te kies wat jou toelating sal gee tot die universiteitskursus van jou keuse en die loopbaan van jou drome.

Waar begin jy?

Met soveel studie- en beroepsgeleenthede beskikbaar, voel jy moontlik onseker oor wat presies jy met die res van jou lewe na skool wil doen. Die volgende raad sal help:

- ▶ Gesels oor jou planne met jou maats, ouers en lewensoriënteringsonderwyser.
- ▶ Woon loopbaanuitstallings by.
- ▶ Besoek die werkplek, gesels met mense in die beroepsveld en hou fyn dop wat daar gebeur.
- ▶ Gesels met studente wat in die studierigting waarin jy belangstel, studeer.
- ▶ Kontak universiteite en soek op die internet vir meer inligting.

As jy nog steeds onseker voel oor skoolvakkeuses en 'n toekomstige beroep, gesels met 'n professionele beroepsielkundige.

Nasionale Senior Sertifikaat

Soos jy weet, het die Nasionale Senior Sertifikaat (NSS) die vorige Suid-Afrikaanse "matriek" of senior sertifikaat vervang.

Die NSS bestaan uit 'n nuwe en wyer reeks vakke. Jou skool bied waarskynlik nie al 29 NSS vakke aan nie, maar sal definitief genoeg aanbied om jou in staat te stel om universiteit toe te gaan.

Hoe kies ek die regte vakke vir universiteit?

Die skoolvakke wat jy vir Graad 10 tot 12 kies, bepaal vir watter universiteitstudieprogramme jy aansoek kan doen. Jou skoolvakke en die vlak waarop jy presteer moet aansluit by die toelatingsvereistes van hierdie studieprogramme en die toekomstige beroepsvelde waarvoor dit jou voorberei.

- ▶ Vir toelating tot diplomastudie, moet jy die NSS deurmaak op 'n prestasievlak 3 (40-49%) of beter vir vier van die erkende NSS 20-kredietdraende vakke, tesame met ander toelatingsvereistes soos voorgeskryf deur die universiteit van jou keuse.
- ▶ Vir toelating tot graadstudie (bv. BCom of BSc), moet jy die NSS deurmaak op 'n prestasievlak 4 (50-59%) of beter in vier van die NSS 20-kredietdraende vakke uit die lys van sogenaamde "aangewese vakke", tesame met ander toelatingsvereistes soos voorgeskryf deur die universiteit van jou keuse.



Aangewese skoolvakke

- ▶ As jy vir 'n graadstudieprogram wil inskryf, moet jy ten minste vier van jou sewe vakke uit die lys van "aangewese skoolvakke" kies.
- ▶ Buiten die verpligte vakke (spesifiek twee tale en Wiskunde of Wiskundige Geletterdheid), moet jy dus nog een of meer vakke uit die onderstaande "aangewese lys" kies vir toelating tot graadstudie, op die voorwaarde dat hierdie vakke nie in dieselfde vakgroep val nie.

| | |
|-------------------------------|--------------------------------------|
| Besigheidstudies | Lewenswetenskappe |
| Dramatiese Kunste | Musiek |
| Ekonomie | Rekeningkunde |
| Fisiese Wetenskappe | Religiestudies |
| Geografie | Tale |
| Geskiedenis | Verbruikerstudies |
| Ingenieursgrafika en -ontwerp | Visuele Kunste |
| Inligtingstegnologie | Wiskunde of Wiskundige Geletterdheid |
| Landbouwetenskappe | |

Nóg interessante feite!

Wiskunde en nié Wiskundige Geletterdheid is 'n vereiste vir universiteitstudies in die volgende velde:

- ▶ Aptekerswese
- ▶ Argitektuur
- ▶ Besigheids- en finansiële studies
- ▶ Biochemie
- ▶ Biomediese Tegnologie
- ▶ Chemie
- ▶ Fisika
- ▶ Ingenieurswese (insluitende siviël, elektris, bedryfs, meganies en megatronika)
- ▶ Inligtingstelsels
- ▶ Konstruksiestudies en Konstruksie-ekonomie (die boubedryf)
- ▶ Mikrobiologie
- ▶ Natuur- en fisiese wetenskappe (BSc programme)
- ▶ Onderwys (vir voornemende Wiskunde-, Fisiese Wetenskappe- en Rekeningkunde-onderwysers)
- ▶ Polimeertegnologie (rubber-, plastiek en verftegnologie)
- ▶ Rekenaarwetenskap en Inligtingstelsels
- ▶ Rekeningkunde
- ▶ Wiskunde en Wiskundige Statistiek

Hoe belangrik is Fisiese Wetenskappe?

'n Voorgeskrewe prestasievlak in Fisiese Wetenskappe is nodig vir toelating tot studies in die volgende velde:

- ▶ Aptekerswese
- ▶ Biomediese Tegnologie
- ▶ Chemie
- ▶ Houttegnologie
- ▶ Ingenieurswese (insluitende siviël, elektris, bedryfs, meganies en megatronika)
- ▶ Leertegnologie
- ▶ Omgewingsgesondheid
- ▶ Polimeertegnologie (rubber-, plastiek en verftegnologie)
- ▶ Radiografie
- ▶ Verpleegkunde

Verwantskap tussen skoolvakke en universiteitstudievelde

| Universiteitstudievelde | Verwante skoolvakke |
|---|--|
| Natuur- en fisiese wetenskappe, Ingenieurswese, Inligtingstegnologie en Gesondheidswetenskappe (uitsluitend Sielkunde en Maatskaplike Werk) | <ul style="list-style-type: none">▶ Wiskunde▶ Fisiese Wetenskappe▶ Ekonomie▶ Inligtingstegnologie▶ Rekenaartoepassings-tegnologie▶ Lewenswetenskappe▶ Landbouwetenskappe▶ Ingenieursgrafika en -ontwerp |
| Besigheid-, Handels- en Bestuurswetenskappe | <ul style="list-style-type: none">▶ Wiskunde▶ Rekeningkunde▶ Besigheidstudies▶ Ekonomie▶ Verbruikerstudies▶ Inligtingstegnologie |
| Menslike en Sosiale Studies (Joernalistiek, Media en Kommunikasie, Drama, Visuele Kunste, Grafiese Ontwerp), Gesondheidswetenskappe (dienste- en beradingsberoep en sportwetenskap en rekreasie), Regte en Onderwys | <ul style="list-style-type: none">▶ Wiskundige Geletterdheid▶ Tale▶ Geskiedenis▶ Geografie▶ Visuele Kunste |

Bron: Op pad na Hoër Onderwys, HESA, Oktober 2007